e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

21 Februarie 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 3

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

U gee my nuwe krag...

Die Inligtings- en Besprekingsvergadering het op 13 Februarie by Gemeente Kempton Park-Oos plaasgevind, en 135 afgevaardigdes van ringe regoor die land was teenwoordig. Hierdie is dr Piet van Staden se indrukke van die vergadering.

Daar is 'n onstuitbare gang aan die geskiedenis. Dinge gebeur en gaan verby, en die mens moet dit agterna takseer en perspektief kry op die gevolge en implikasies daarvan. Dit geld vir persoonlike sowel as gedeelde ervarings.

Vir die Hervormde Kerk was 2012 'n onstuimige jaar. Die impak en nawerking daarvan is direk gevoel op individuele en gemeentevlak. Dit sal binne die volgende aantal maande ook by Ringsvergaderings aan die orde kom, en gedurende September by die 70ste Algemene Kerkvergadering. Dit is in hierdie verband belangrik om te onthou dat die Kerk nie alleen vra na die invloed van historiese gebeure op die stoflike en organisatoriese fasette van kerkwees nie, maar veral nadink oor hoe dit ons verhouding met God en die roeping en opdrag van die Kerk beïnvloed.

Die Inligtings- en Besprekingsvergadering is in hierdie verband 'n belangrike merker. Die ringe van die Kerk word deur Ringskommissielede en belangstellende predikante en kerkraadslede op die vergadering verteenwoordig. Vanoor die hele land het hulle gekom, in verrassende groot getalle, om die vergadering in Kempton Park-Oos by te woon.

Die proses is op so 'n wyse gefasiliteer dat individue, gemeentes en ringe kans gekry het om te vertel wat met en by hulle gebeur het. In klein- en grootgroep-besprekingsessies rapporteer predikante en ouderlinge uit die ringe dat die werk van die Kerk voortgaan. Dit is duidelik dat die rimpelings van 2012 nog 'n ruk lank in die Kerk sal dein. Op sommige plekke is daar skade en verlies. By almal is daar 'n gevoel van hartseer oor die skeuring wat plaasgevind het. Tog is die oorheersende indruk uit al die verhale een van hoop, visie en veerkragtigheid – so kenmerkend van die Hervormde Kerk dwarsdeur die geskiedenis. Daar is reeds aanduidings dat wat 'n krisis kon wees, in werklikheid lei tot nuwe energie en toewyding. Trouens, die gees op die vergadering was beslis nie een van verslaenheid nie, maar eerder van bevryding – nie *van* iets nie, maar *tot* ons roeping in die wêreld in diens van die Heer van die kerk. In hierdie opsig het die vergadering 'n korrekte verstaan weerspieël van wat die ware Christelike bevryding impliseer.



Daar is 'n skat van geloof, talent en goeie gesindheid by lidmate van die Hervormde Kerk. Ek spreek die versugting uit, sekerlik namens alle reggeaarde lidmate, dat daardie skat in elke lidmaat, gemeente en vergadering van die Kerk ontgin mag word gedurende hierdie en volgende jare. Mag ons eie lidmate, en ook gelowiges van ander kerke, besef en ervaar dat verleentheid in werklikheid geleentheid bring, en mag ons daardie geleenthede benut met die beste waartoe ons in staat is, tot eer van die Here.

Dr Piet van Staden
Stellenbosch/Worcester

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Monja-Lize van Belkum



Ds Eksteen Botes

Beroep aanvaar

- **Ds Monja-Lize van Belkum** (beroepafwagtend) na El-Flora (benoeming)

Beroep bedank

- **Ds Eksteen Botes** van Nelspruit na Rustenburg-Suid

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.

- Emerituspredikant **ds Neels Botha** het onlangs 'n groot operasie ondergaan, en sterk tans by sy kinders aan. Hy is ernstig siek, en die Kerk se voorbidding word gevra vir ds Neels en sy vrou, Anretha.

- Emerituspredikant **ds Nico en mev Henriëtta Brayshaw** se **seun** in Swakopmund, Jacobus, ontvang nog chemoterapie na die kolonkankeroperasie 'n jaar gelede. Hul **dogter**, Henriëtta, in Brisbane, Australië, is gediagnoseer met skildklierkanker. Ons bid ds en mev Brayshaw en hul familie die Heer se bystand toe in hierdie traumatiese tyd.

- **Prop Elritia le Roux** is op Sondag 17 Februarie in Gemeente Otjiwarongo georden en bevestig. Prof Piet Geyser het die ordening waargeneem.

- **Dr Jaco Beyers**, die Hervormde Kerk se dosent in Godsdiens- en Sending-wetenskap en pastorale hulp by Gemeente Verwoerdburg, is van die begin van 2013 aangestel as programbestuurder vir Godsdiens en Bybelstudies aan die Universiteit van Pretoria. (Ons vra verskoning vir die foutiewe formulering in verlede week se *e-Hervormer*.)

- **Uitnodiging: Bydrae vir THT 2013.2.** Teoloë, filosowe, sielkundiges en kunstenaars kan 'n bydrae lewer tot die volgende uitgawe van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (THT). **Tema:** Eerste deel (vrae 3-11) van die Heidelbergse Kategismus wat handel oor sonde, 'erfsonde', bose en die 'duiwel'. Die artikel hoef nie spesifiek oor die Kategismus te handel nie. Dit moet egter oor die tema handel. Enige vakkundige bydrae sal waardeer word. Ons nooi spesifiek **ook lidmate** uit wat nie teoloë is nie, om vanuit hul vakgebiede of werkterreine bydraes te lewer. Bydraes kan ook visueel van aard wees. Voorstellings uit die skilderkuns kan byvoorbeeld aangebied word. Die bydrae kan ook in die vorm van 'n gedig of lied wees. Vertalings van klassieke tekste kan ook aangebied word. **Lengte:** 1 500 tot 6 500 woorde. **Sperdatum:** 8 April. Voornemende skrywers word versoek om die redaksionele beleid in THT 2013.1 te lees. Kontak die redakteur, prof Natie van Wyk, by **aim1@mweb.co.za** of 082 448 4759 vir volledige inligting.

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer**. Wanneer jy met 'n blinde persoon praat, raak aan hom/haar sodat hy/sy kan weet jy praat met hom/haar. Moet ook nie van die persoon verwag om jou stem te ken nie – sê eerder wie jy is voordat hy/sy moet vra.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.



Aksiegroep Gestremdheid

- ***BKF Geweld teen Kinders*: Spesiale deurkollekte Sondag 3 Maart.** Die jaarlikse vrywillige deurkollekte vir ***Gesinsorg*** se naam verander na die *BKF Geweld teen Kinders*-deurkollekte (BKF = *Beeld*-Kinderfonds). Die naam verander om in lyn te kom met *Beeld*-Kinderfonds se reëls ten opsigte van skenkings. Die fondse word aan *Beeld*-Kinderfonds geskenk omdat die Hervormde Kerk se kindersorg (wat die Ondersteuningsraad insluit) 'n groot opbrengs op hierdie skenkings ontvang. Verlede jaar was die opbrengs 54%, wat beteken dat vir elke R100 wat 'n Hervormde gemeente aan die BKF skenk, die BKF op sy beurt weer R154 aan ons terugskenk vir Kindersorg! Hierdie deurkollekte se geld gaan steeds vir die OSR se werk om kinders te beskerm teen alle vorme van geweld, dit wil sê, mishandeling, molestering, verwaarlosing, aanranding, ensovoorts. Daar word bykans 10 nuwe gevalle per dag by die OSR aangemeld, waarvan die meerderheid oor kinders gaan. Hieruit het 419 Kinderhofsake in 2012 gespruit waar kinders uit slegte situasies verwyder moes word. Ons moedig al ons gemeentes aan om deel te neem aan hierdie spesiale deurkollekte om geweld teen kinders te voorkom of kinders uit sulke situasies te red. Dankie by voorbaat!

- **AGB-wenk:** Baie ouer mense se oë het sodanig verswak dat hulle nie eens meer die Bybel kan lees nie. As jy 'n telefoonkontrak het wat na 7-uur saans gratis is, reël met so 'n bejaarde in jou omgewing om dan 'n stukkie uit die Bybel vir hom of haar voor te lees. Dit sal oneindig baie vir die bejaarde beteken, en dit sal jou niks behalwe miskien 15 tot 20 minute per dag van jou tyd kos nie. Vir meer inligting oor bejaardesorg, kyk by **www.diakens.co.za**.

- Gemeentes moet asseblief kennis neem dat die **SENTIK-boekwinkel** op **Vrydag 1 en Maandag 4 Maart** gesluit sal wees vir voorraadopname. Geen oproepe sal dan beantwoord word nie, geen pakkies sal afgehaal kan word nie, en geen personeel sal beskikbaar wees nie.

- **Gemeente Declercqville** in Klerksdorp beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Marie: faks 086 589 3343 of **m.swanepoel@lantic.net**. Vir navrae, kontak Kobus by 084 513 7588.

- **Gemeente Wonderboom** beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Kontak die skriba, Pieter Mulder, by 012 567 2975 of **wboom@nhk.co.za**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Ventersdorp: Sondag 17 Maart 09:00 vir 09:30**
  100-jaar-herdenking van inwyding van die kerkgebou
  Lidmate, oudlidmate, kinders en belangstellendes welkom
  Skakel ds Marius van Vuren by 018 264 2236
  of gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
  en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (prys later bekend)
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Maart, en word hartlik geluk gewens.**
  - Saterdag 23 Februarie: Dr Estelle Dannhauser (Springs) en prof Wouter van Wyk (emeritus)
  - Sondag 24 Februarie: Ds Jan Prinsloo (emeritus) en dr André Ungerer (Klerksdorp-Doringkruin)

- Maandag 25 Februarie: Ds Hennie Aucamp (emeritus)
- Dinsdag 26 Februarie: Dr Jonanda Groenewald (buiteland) en ds Monja-Lize van Belkum (beroepafwagtend)
- Donderdag 28 Februarie: Di Anneline Geyer (Kempton Park-Oos) en Herman Meyer (Steelpoort)
- Vrydag 1 Maart: Di Yolandé Benadé (Westonaria) en Chantel Francis (NG Pietersburg-Oos)

Beplande vergaderings

- Donderdag 21 Februarie: Werkwinkel van die Ondersteuningsraad
  Bestuurskomitee van Bejaardesorg
- Vrydag 22 Februarie: Raad van Finansies
- Woensdag 27 Februarie: Beurskomitee
- Donderdag 28 Februarie: TOIBO
  Personeelpensioenfonds
- Vrydag 1 Maart: Welstand van predikante en gemeentes

Kursusse en toerusting

- **RDV Wes-Kaapland: MIV-werkwinkel**
  Saterdag 16 Maart 08:30 vir 09:00
  By Gemeente Kaapstad, preekpunt Tygerberg
  ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
  Navrae aan Tarbi Prinsloo (RDV-voorsitter) by 083 228 5590
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Beskikbare behuising

- **Kamerfasiliteit in Huis Riekie Boshoff, Brooklyn**
  Lieflike ruim kamer met gedeelde geriewe vir enkellopende dame
  Hierdie boomryke, rustige omgewing is naby winkelsentrum geleë
  Gereelde sosiale programme
  24-uur-sekuriteit
  Moet bo 55 jaar en nog selfversorgend wees om trappe te klim
  Koste vir kamer R1 800 per maand (sluit krag in)
  Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

Konserte en feeste

- **Sondag 24 Februarie om 11:00: Gemeente Pretoria-Oos**
  Orrelkonsert met Colin Campbell
  Pragtige 3-manuaal-orrel word vanjaar 40 jaar oud
  Kom vier saam met die gemeente fees!
  Plek: Kerkgebou, hv Dely- en Matroosbergweg, Waterkloof
  Toegang: Gratis
  Navrae aan Pieter van den Berg, 012 991 4930 of 079 497 2647

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  Aansitete tydens die optrede
  Volwassenes R100 per persoon, laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
  Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
  of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

Kampe en toere

- **Gemeente Hartbeesfontein: Mannekamp**
  Vrydag 1 tot Sondag 3 Maart
  Tema: *God se Krag, jy in God se hand, tot sy beskikking*

Paardeplaats-feesterrein
Vanaf Hartbeesfontein, neem Lichtenburg-Coligny-pad vir 20 km
Volg wegwysers na links
R100 per persoon
Navrae: Ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2-18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel
  Meer as een SMS is baie welkom
  Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- **Gemeente Kaapstad: Vrydag 1 Maart: Somerkosfees**
  By preekpunt Tygerberg: ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
  Heerlike Hollandse gebak, krokette, pap-en-wors en vele ander
  Navrae aan Johan Smith by 076 326 1322
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vrydag 1 Maart vanaf 19:00**
  Boeredans
  By AJ Jacobs Primêre Skool, Wepenerstraat, Sasolburg
  Lewendige boereorkes en DJ met musiek deur die dekades
  Bring eie eet- en drinkgoed
  R40 per persoon
  Bespreek by **nhksasolsuid@matrixnet.co.za**
  of by Elize 083 412 5802 of by Lisa-Mari 083 943 4561

- **Klap-'n-tekkie vir Van Rensburg Monumenttehuis: Saterdag 9 Maart**
  Fonteine, Pretoria
  Vanaf 07:00
  Kontak Elma by 082 954 7955

Basaars en markte

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Maart vanaf 08:00**
  Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies: Hartsgoedfees
  hv Vlei- en Dr Yusuf Dadoostraat, Wilkoppies
  Vrydag vroeg tot laat: Eetgoed vir elke smaak, tuisgebak, vars vleis, tombola, witolifant, vlooimark...
  Saterdag tot 13:00: Vroeë vonkelontbyt, rekspring, seepkiskonsert, hartsgoedfilms, vierwieltydren, veteraanmotors...
  Aand: Waenhuisdans op Bietjie-Bos
  Navrae: Gemeentelike kantoor 018 468 7008 / skriba 083 458 3190

ANDER NUUS

- **ORREL TE KOOP**
  Hammond-orrel model Vs 100, 40 amp met *swinger*
  R5 500
  Kontak Coba by 011 907 8922 / 082 857 6056 / **cobd@mweb.co.za**

- **VERSORGERS EN HUISMOEDERS BENODIG**
  Cluny Farm, sentrum vir volwassenes met intellektuele gestremdhede
  Niewinsgewende organisasie in Kyalami
  Mans en dames tussen 18 en 35 kan aansoek doen
  Geldige rybewys noodsaaklik
  Stuur CV na **elise@emburst.co.za** of faks na 086 661 5467
  Navrae aan Khumo of Ria by 011 702 1690
  Besoek **www.clunyfarm.co.za**

- **GEREFORMEERDE KERK OOS-MOOT**
  450 jaar Heidelbergse Kategismus
  Donderdag 14 Maart 16:00 tot 22:00 (aandete en verversings)
  GK Oos-Moot, 31ste Laan 716, Villieria
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word
  Sprekers: dr Attie Bogaards; dr Victor E d'Assonville;
  prof Jorrie Jordaan; dr Gerard Meijer; ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Prof Dolf Britz
  Kontak **gkomkantoor@gmail.com**

AGTERBLAD

HTK amptelik geopen

Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) is op Woensdag 20 Februarie amptelik geopen. Die erediens is gelei deur prof Piet Geyser met grepe uit Handelinge, en die openingsrede is gelewer deur dr Jaco Beyers oor die tema *Die roeping van die Kerk.*

Prof Johan Buitendag, Dekaan van die Fakulteit Teologie, het twee pryse vir akademiese prestasie oorhandig. Die prys vir die beste prestasie in Praktiese Teologie is verwerf deur **Bernard Prinsloo**, wat ook die prys vir die beste prestasie in Ou Testament deel met **Lulani van der Merwe** (foto).

Na afloop van die opening is 'n tafelgesprek oor die roeping van die kerk gevoer. Dit is die eerste in 'n reeks gesprekke wat voor die 70ste AKV sal plaasvind. Ander temas wat in toekomstige gesprekke sal aandag kry, is die Hervormde teologie, Skrifbeskouing, en die invloed van die Hervormde Kerkgeskiedenis.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel